DIT IS DAN DIE GELYKENIS.

DIE SAAD IS DIE WOORD VAN GOD.

Lukas 8:11.

Die Saad die Woord van God.

Die Woord het 'n Goddelike lewenskrag, netsoos die saad. Die woorde wat Jesus verkondig het op die aarde, het Sy Vader, naamlik God, aan Hom gegee om dit te verkondig. En Hy, Jesus, het dit vergelyk by saad; soos die saad aan die aarde toevertrou word, net so word die Woord aan die hart van die mens toevertrou om daarin opgeneem en bewaar te word. Net soos die aarde is, is die hart van die mens uit homself onvrugbaar wat die goeie dinge betref. Koning Dawid se: "Ek het U Woord in my hart gebere dat ek teen U nie sal sondig nie," Psalms 119-11. Hy het gevoel dat die Woord van God magtig is om hom in die weg van die lewe te lei. Die Woord het hom beskerm, sodat hy nie teen God sal sondig nie. Hy verklaar en se: "U Woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad, " Ps. 119-105.

Die Woord van God bou die mens geestelik op. Kyk, daar is 'n geestelike wedergeboorte vir die mens moontlik gemaak deur die Woord van God en bly 'n seën vir die lewe wat verander is. Toe Paulus sy ouderlings van Efese toegespreek het, het hy gese; "En nou, Broeders dra ek julle op aan God en aan Sy Woord van Sy genade wat magtig is om julle op te bou en julle 'n erfdeel te gee onder al die geheiligdes."

Die heerlikste is dat die weg tot ons persoonlike saligheid aangewys word in die Heilige Skrifte en dit gee ons hoop op die toekomstige heerlikheid, want ons word toegerus vir die diens van God. Die Woord bou ons geestelik op. Jesus se: "As Iemand my liefhet, sal hy My Woord bewaar en My Vader sal hom liefhe, en Ons sal na hom toe kom en by hom woning maak, Joh. 14-23, Vers 24: "Hy wat my nie liefhet nie, bewaar

2/.......

My woorde nie," Joh. 15-14: "Julle is My vriende as julle alles doen wat Ek julle beveel."

Dit is veral belangrik dat elke mens sal weet watter middele aangewend moet word om tot die geloof te kom. Die enigste middel is die Woord. Die mens wat verlang na verlossing, luister na die Woord van die Here, want hy wat glo, sal gered word. Hy wat nie glo nie, sal veroordeel word. Onderwerp u aan die Woord van God en neem aan wat Hy se. Hy wat glo sal salig word. Jesus se met sy goddelike: "Voorwaar, Voorwaar, Ek se vir julle: Wie my Woord hoor en hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe," Joh. 5-24. Die lewe is in die Woorde en daardeur bou die geloof op, en u sal spoedig verstaan wat Jesus gese het: "Hy wat na My toe kom, sal Ek nooit uitwerp nie." U moet net die Woord biddend oordink en 'n plek daarvoor in u hart berei. Die geloof is deur die Woord van God. Die Woord se dat die hemel en aarde verby sal gaan, maar die Woord van God bly tot in ewigheid. So staan sy Woord vaster as die hemel en die aarde. Daarom kan dit nie anders wees nie. Die geloof is 'n vaste vertroue, Heb. 11-1. En Hy se: "GELOOF ALLEENLIK." Die geloof is dus deur die Woord van God; die middel waarmee ons die Bose kan oorwin, is dieselfde as die waarmee Christus oorwin het, naamlik die krag van die Woord. Die Here beheers nie ons verstand sonder ons toestemming nie, maar as ons begeer om Sy wil te doen, dan kan ons aanspraak maak op Sy beloftes. "Julle sal die Waarheid ken, en die Waarheid sal julle vrymaak." Dit word alles vir ons aangebied in Sy woord. As ons die Woord aanneem en dit nie weer nalaat nie, dan het ons die verlossing. Jesus se: "Leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele." Die Woord van God is genoeg vir die siele. Verlaat jou-

3/..........

self op Sy onwankelbare Woord en dan sal jy sterk word in die geloof, en gee God daardeur al die eer wat Hom toekom. Neem dit aan, bewaar dit diep in u hart. Hy wat dit van u verlang, is getrou. Jesus se: "As jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo." In Opregte siel is baie kosbaar in die oë van die Here. Die ervarings wat in Gods Woord beskryf word, moet ook ons ervarings wees. Sy beloftes en waarskuwings het Jesus ook vir my bedoel. "Dit is die gees wat lewendig maak. Die vlees is van geen nut nie. Die Woord wat ek vir julle se, is Gees en is lewe." Die lewe van Jesus Christus wat lewe aan die wereld gee, is in Sy Woord en dit was deur Sy Woord dat Jesus kwale genees het en duiwels uitgewerp het; deur Sy Woord het Hy dode opgewek. Wie anders het ooit dode opgewek behalwe diegene wat hy daartoe krag gegee het. Die wysheid wat Hy gee, is in sy Woord.

Jakobus 1-5 se: "As iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid wat vir almal eenvoudig gee, sonder om te verwyt en dit sal aan hom gegee word." Die Here se: "Ondersoek julleself of julle in die geloof is. Stel julleself op die proef." Dit is ons werk, want as ons onsself beoordeel sou ons nie geoordeel word nie. 11 Kor. 13; 1 Kor. 2-3.

Die Here is vandag nog dieselfde lewegewende mag as toe Hy op aarde die siekes gesondgemaak en sondaars vergewe het. Net soos ons liggame deur voedsel aan die lewe gehou word, word ons geestelike deur die Woord van God aan die lewe gehou. Hulle wie die ewigelewe wil ingaan, moet lewe uit Gods Woord ontvang. Ons moet die Bybel grondig ondersoek en God vra om die hulp van die Heiligegees dat ons Sy Woord mag verstaan. Die Here het die duiwel verslaan met die Woord. "Die mens kan by brood alleen nie lewe nie, maar van elke woord wat by die mond van God uitgaan.

4/..........

Deur Sy liefde wat so menigmaal al aan die mens bewys is, wil ek ook na iets terugwys uit my eie lewensloop. Dit het in 1918, die 18de Oktober gebeur. Toe ek en my eggenote deur 'n onsigbare Gees wat met ons gepraat het, vir my gese is: "Gaan en leer die mense wat God se." en vir my eggenote: "Staan op en laat jou doop en jou sonde afwas, want ek het vir julle alles geword. Ons het dadelik daarmee begin, vanaf Standerton, Delareyville, Rooikoppies, Germiston, Vaalkop, Port Elizabeth en nog menige ander plekke. Die Here was goed vir ons. Hy het al die tyd met ons gespreek deur die Heilige Gees en mense is gered, die doping van die Heiligegees deelagtig geword en siekes het gesond geword.

Ons se saam met die Psalms: "U Woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad." Ps. 119-105. En die Woord is nog steeds 'n seën vir die lewe wat verander is.

"En nou, Broeders, dra ek julle op aan God en aan die Woord van Sy Genade, wat magtig is om julle op te bou en julle 'n erfdeel te gee onder al die geheiligdes." Hand. 20-32.

------oOo------

J.J. Botha,
Plot 85,
Ravenswood,
BOKSBURG-NOORD.

Telefoon : - 52-6031.